3 Desember Psalm 13

By die Here vind jy rus met al jou vrae

Elke mens worstel soms met 'n klomp *waarom-* en *hoekom-vrae.* Want jou omstandighede is dikwels baie anders as waarop jy gehoop het en waarvoor jy gebid het.

In Psalm 13 worstel Dawid met die Here. Vier keer vra hy: *"Hoe lank nog...?"* Die kern van sy worsteling is dat die Here hom vergeet het. Hy sien hom nie meer raak nie.

In sy worsteling neem Dawid sy toevlug na die Here. Hy bid. Hy praat direk met die Here. Hy vra dat die Here weer sy omstandighede sal verander. Want Hy alleen kan dit doen.

Met al jou vrae en worsteling het jy ook nêrens anders om heen te gaan nie. Hy kan dit weer met jou goed laat gaan. Want Hyself is in beheer van jou lewe en omstandighede en Hy, die Heilige God, maak nooit foute met jou nie. Jy is immers sy kosbare eiendom. Hy het jou gemaak en jou ook gekoop met die kosbare bloed van sy eie Seun. daarom het jy ook vrye toegang om direk na Hom toe te gaan (vergelyk Hebr 10:19).

Dawid sluit die Psalm met sekerheid af. Sy hart juig oor die uitkoms wat die Here gee. Hy is so seker dat die Here weer sy omstandighede sal verander dat hy sê: *die Here het dit reeds gedoen.* By die Here as jou Vader vind jy rustigheid en sekerheid. Ja, so 'n rustigheid dat jy op jou bed kan gaan lê en dadelik aan die slaap raak (Ps 4:9).

Sing Psalm 13:1 Ds. C. Krüger (Nelspruit)